
# 94 Ek het die Heer se stem gehoor




Ek het die Heer se stem gehoor: “Ek gee jou, ryk en rein,
my lewenswater, dorstige, kom na my heilsfontein.”

Ek het gekom en my gelaaf uit sy genade vry,
my dors geles, my siel verkwik, nou voed sy lewe my.

Ek het die Heer se stem gehoor: “Aanskou, o siel, my glans,
dan breek jou môre helder aan, dan blink jou lewenstrans.”

Ek het my Heiland aangesien, Hy is my ster en son;
my pelgrimsreis sal ek volbring deur Hom, my lewensbron.

Horatius Bonar (1808-89) Tradisionele Engelse melodie; verw. deur H. P. Allen